INTERNATIONAL BACCALAUREATE
BACCALAURÉAT INTERNATIONAL
BACHILLERATO INTERNACIONAL

N00/260/H(1)T

**AFRIKAANS B – HIGHER LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS B – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 1**
**AFRICAANS B – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 1**

Wednesday 8 November 2000 (afternoon)
Mercredi 8 novembre 2000 (après-midi)
Miércoles 8 de noviembre del 2000 (tarde)

1 h 30 m

---

TEXT BOOKLET – INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this booklet until instructed to do so.
- This booklet contains all of the texts required for Paper 1 (Text handling).
- Answer the questions in the Question and Answer Booklet provided.

LIVRET DE TEXTES – INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- Ne pas ouvrir ce livret avant d'y être autorisé.
- Ce livret contient tous les textes nécessaires à l'épreuve 1 (Lecture interactive).
- Répondre à toutes les questions dans le livret de questions et réponses.

CUADERNO DE TEXTOS – INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra este cuaderno hasta que se lo autoricen.
- Este cuaderno contiene todos los textos requeridos para la Prueba 1 (Manejo y comprensión de textos).
- Conteste todas las preguntas en el cuaderno de preguntas y respuestas.

**TEKS A**

# JONG GELDMAKERS

*Hier is jong mense wat hulle nie laat onderkry deur swak ekonomiese vooruitsigte nie. Hulle het hul drome in kontant omgesit – en jy kan ook.*

**Chris van der Merwe** (15) van die Strand, Wes-Kaap, is die bestuurder en sakebrein van die snoepie Jack of All Trades. Hy volg in die voetspore van sy sussies Sandra (18) en Karen (20). Hulle het dié snoepwinkel van die Hoërskool Strand drie jaar gelede geprivatiseer. Die Van der Merwes was in 1997 (met Jack of All Trades) 'n finalis in die Santam/Chalkline Entrepreneurswedstryd, en vanjaar 'n semifinalis. Chris tree ook as middelman vir Strand Waste & Scrap Metals op. Hiermee het hy R12 000 vir die Aanhouwen-klub vir Gestremde Volwassenes in Somerset-Wes ingesamel.

*Vanwaar die idee?*

Die Van der Merwe-sussies het in 1995 agtergekom die snoepie by die skool toon daagliks 'n verlies. Met 'n entrepreneursdag by die skool het hulle besluit om koeldrank en kos te verkoop – en so goed gevaar dat hulle by die skool getender het om die snoepie te privatiseer. Chris het vanjaar alles by hulle oorgeneem.

*Uitgawes*

Aankope word daagliks gedoen – sowat R450 per dag.

*Wins*

Omset per dag is sowat R800, soms tot R1 300. Dit beteken hulle in sowat R27 per minuut. (Die snoepie is albei pouses, vyf dae per week, oop.) Die wins bereken oor 'n driemaande-tydperk is tussen R12 000 en R18 000. 'n Gedeelte van die wins gaan aan die skool. Chris deel sy 40 persent met sy susters.

*Wenke*

- Begin klein deur 'n diens te lewer waarvoor jy nie baie kapitaal nodig het nie.
- Daaglikse, eerlike boekhouding is belangrik.
- Promosies kos geld, maar dis die moeite werd. Jack of All Trades deel dus die einde van elke kwartaal gratis lekkers en koeldrank uit aan skoolkinders om dankie te sê vir hul ondersteuning.
- Neem die onderneming na die mense. Kyk waar die grootste deurloop of opeenhoping van mense is en plaas jou stalletjie daar.
- Hou jou oë en ore oop vir enige geleentheid en hou koerante en pamflette dop vir winskopies.
- Hou pryse laag (hul duurste artikel, 'n vleispastei, kos R3).
- Lewer flink diens.

**Phoebe Nel** (14) van Bellville, Kaap, en haar vriendin Annemie du Plessis (14, verf sebra-motiewe op T-hemde en hemde en verkoop dit op vlooimarkte.

*Vanwaar die idee?*

Dit het alles verlede jaar begin by 'n entrepreneursdag by haar skool. Kinders kon 'n kraampie teen R10 huur waar hulle enigiets kon verkoop. Sy het besluit haar produk gaan uniek wees: dagoud kuikens wat sy in die koerant se snuffelgids opgespoor het. Sy het driehonderd kuikens teen R1,10 stuk met haar spaargeld gekoop, en elkeen teen R3 verkoop. Haar wins was R700 op een dag, en die entrepreneursgogga het gebyt. Hierna het sy rommelverkopings in die straat begin hou met ou goed wat sy gaan haal het by mense in die buurt – panne, ou kastrolle, mandjies en klere. En hieruit het die klereverf-idee gevolg.

*Uitgawes*

Sy koop sowat 20 T-hemde en 5 hemde per maand: R400.Verf: R50.

*Wins*

Sowat R400 per maand.

*Wenk*

Glo in jouself. Sorg dat jou produk oorspronklik is.



**TEKS B**

# TWEE BROERS MAAK FEESDEBUUT MET POPPEKAS

Jaco en Christo Wepener, broers en leerders aan die Hoërskool D.F. Malan, het verlede week vir die eerste keer na die gewilde KKNK* afgesit met hul poppekasproduksie, *Die towerdolfyn*, skryf **Merentia van der Vent**.

*Die towerdolfyn* het sy ontstaan te danke aan die broers se strewe na onafhanklikheid en om 'n klein geldjie te verdien.

Hulle het die produksie in Junie verlede jaar geskryf toe hulle gevra is om 'n poppekasvertoning by 'n kinderpartytjie te hou.

Waar kom die idee vandaan, wonder jy?

"Ons het 'n poppekasvertoning vir 'n kinderpartytjie gedoen en die tema was dolfyne.

"Ons het ons vertoning by die tema van die kinderpartytjie aangepas," het Christo vertel.

As hulle by kinderpartytjies optree, verander hulle die hoofkarakter se naam na dié van die kind wat verjaar. Die ander rolspelers word ook vernoem na die kinders by die partytjie.

"Ons het verlede jaar met die poppekasvertoning begin. Ons het gedink ons moet sakgeld verdien – my broer kan stemme goed namaak en ek is baie goed met die gehoor.

"Toe besluit ons op 'n poppekas. Ons het die poppe self versamel en die koning- en prinsespoppe (karakters uit *Die towerdolfyn*) self gemaak.

"Die dolfyn in ons produksie was eintlik 'n walvis, wat ons met goud gekleur het en 'n ekstra bek aangesit het dat dit soos 'n dolfyn lyk," volgens Christo.

Dié broers en hul ma, wat hul regisseur is, het enkele dae voor die sluitingsdatum vir feesinskrywings besluit om aansoek te doen om dit daar op te voer.

Hulle was in vervoering toe hulle onder die gelukkiges was wie se aansoeke aanvaar is.

"Ons is vreeslik opgewonde, ons kan nie meer wag om te gaan en ons produksie op te voer nie," het Christo gesê.

Behalwe poppekasteater, speel Christo klavier en mondfluitjie en Jaco het pas 'n elektriese kitaar gekoop.

Hulle wil dié instrumente ook later in hul poppekasvertonings gebruik.

* KKNK : Klein Karoo Nasionale Kunstefees

**TEKS C**

# KENNERS PRAAT OOR MODERNE TIENERS SE PROBLEME

1 Tieners gaan gebuk onder verskeie gedragsprobleme waaronder wangedrag, aggressiewe houdings, depressie, rebelsheid en self-moordpogings. Dié probleme kelder die gesonde groei van die leiers van môre. **Merentia van der Vent** het drie verslae oor tienerprobleme wat deur welsynsorganisasies in die Wes-Kaap opgestel is, onder oë gehad en met twee kenners gesels.

2 Dit blyk uit die verslae dat jong mense hul toevlug neem tot onder meer dwelmmiddels en alkohol.



3 Van hulle is aggressief, depressief, rebels en beslis onafhankliker as die tieners van ’n paar jaar gelede.

4 “Vandag se tiener is ook baie manipulerender as dié van ’n paar jaar gelede. Dis om dié rede dat hulle by al die verkeerde dinge betrokke raak,” het mnr. Isma-iel Petersen (ko-ordineerder van die program teen kindermishandeling en voorkoming daarvan) van die YMCA in Mitchell’s Plain gesê.

5 Hy meen ouers sowel as tieners het skuld aan die probleme wat tieners ervaar.

6 “Die ouers vandag laat die kinders toe om te doen net wat hulle wil. Die waardesisteme waarvolgens óns grootgemaak is, ontbreek in vandag se samelewing.”

7 Ook het veranderende tye veroorsaak dat die ondersteunende strukture in gemeenskappe verander het.

8 Wat hier ooglopend is, is dat gemeenskapondersteuning vandag nie aanwesig is nie. As dit is, is dit in ’n klein mate.

9 “Wanneer tieners in die verlede verkeerd opgetree het, het die buurman die kind sommer self pak gegee of onmiddellik die ouers in kennis gestel.”

10 Baie tieners sukkel ook met ’n swak selfbeeld. Só word hulle gou deur ander beïnvloed en dié invloede is gewoonlik nie positief nie.

11 “Een van die mees uitstaande kenmerke van ons samelewing is die chemiese oriëntasie daarvan. Tieners bevind hulle in situasies waar almal nie net alkohol nie, maar chemikalieë (pille en ander mengsels) aanvaar en gebruik,” het mnr. Errol Banda, hoof maatskaplike werker van die Departement van Maatskaplike Dienste, gesê.

12 Wanneer tieners sien hoe ander op dwelmmiddels staatmaak eerder as op hul eie hulpbronne, help ook dít hulle aan om die verkeerde pad te kies.

13 Hy het ook genoem dat die gebruik van dwelms en huislike probleme sommige jong mense “genoodsaak” om die skool te verlaat.

14 Kinders wat ledig tuis is, word as teikens vir dwelmsmokkelaars gesien. Die smokkelaars belowe die kinders geld en ander lekker dinge en só val die tiener in die slaggat.

15 “Die tieners is terselfdertyd in kontak met verskeie organisasies (soos skool, jeug, sport, ontspanning, en so meer). Hulle bring ’n boodskap van ‘Dwelms is koel’ en kinders wat dwelms gaan koop, kry soms gratis CD’s wat positiewe boodskappe rakende dwelms uitdra,” het Banda vertel.

16 Dit kan maats wees wat druk op jou uitoefen, dit kan die dwelmsmous op die hoek wees wat jou soveel én meer belowe, maar op die ou end is dit jóú eie besluit wat jou toekoms vorm. Dit is hier waar ’n goeie of sterk selfbeeld kan help met die regte besluit.

17 “Weens groepsdruk luister jong mense na ander jong mense wat dwelms gebruik. So word ’n dwelmkultuur onder jong mense geregverdig,” het Banda bygevoeg.

18 Tieners ondervind ook gedragsprobleme wat kan spruit uit huislike probleme of ander omstandighede en faktore. Dalk verwag ouers té veel van hul kinders soos dat hulle goed móét presteer. Van die kinders wéét waartoe hulle in staat is en indien hulle nie aan die verwagtings kan voldoen nie, rebelleer hulle. Vir die kind wat leerprobleme het en nie na sy ouers se sin groei en ontwikkel nie, is daar nog meer probleme. Dit kan kinders selfs tot selfmoord dryf.

**TEKS D**

## DIE ELFDE HEKKIE – ’n uittreksel

Toe hy sy vingertoppe net bokant sy atletiekbroekie se rek liggies oor sy maag trek, voel hy die seemeeuveer. En hy hoor weer Jurie Lourens se woorde, “’n Swak hekkiesloper spring oor die hekkies, ’n goeie hekkiesloper hardloop oor hulle, ’n kampioen skeer oor hulle heen soos ’n seemeeu oor Melkbaai se branders.”

Die afsitter beveel dat hulle moet terugstaan van hul blokke. Dis nou … hier’s dit nou, dink Arnold. Hy hoor hoe die seun regs van hom sug, sien hoe Conrad Truter links van hom nog vir oulaas afbuig en sy tone raak, dan ’n paar trippel-passies maak. Arnold trek sy longe vol lug, blaas dit uit en staan dan gemaklik regop, voete effens gesprei, hande ontspanne langs sy sye. ’n Sekonde of twee voordat die eerste bevel kom, vorm sy lippe met die woord: EKSPLOSIEF.

“Op julle plekke!”

Arnold pas sy spykerskoene tydsaam teen sy blokke, sprei dan sy vingers rakelings agter die lyn. Toe wieg hy twee, drie keer vorentoe en agtertoe totdat hy volkome gemaklik voel. ’n Honderd gedagtes spook opeens om oor te vat in sy gemoed, maar hy stoot dit van hom weg. Selfs aan die klap van die pistool moet hy nie nou dink nie. Sy brein het nog net een taak oor: om in die volgende twaalf, dertien sekondes elke spier en ligament in sy liggaam tot die maksimum te dryf. Spoed, spoed, spoed …

“Gereed!”

Êrens regs van hom breek ’n atleet te vroeg weg en sleep ’n paar ander met hom saam. Die skuldige kry ’n waarskuwing van die afsitter, en dan word almal beveel om weer terug te staan van hul blokke. Dit jaag die spanning van voor af op.

“Op julle plekke … Gereed!”

Die pistool klap.

Arnold het in een beweging met die vorentoe wieg uit sy blokke weggeskiet. Maar so ook Conrad Truter langs hom.

Vorentoe dryf met elke vastrap, die opswaai lei met ’n geboë knie, afbuig, die sleepbeen se hak invou, afkap agter die hekkie, drie passe – twee langes en ’n korte, afbuig vir die volgende vlug. Aan dié aksies dink hy nie meer bewustelik nie. Hy het dit ’n duisend keer geoefen, oor en oor en oor. Nou kom dit werktuiglik. Al wat hy van hekkie tot hekkie vir homself sê, is spoed – meer en meer spoed.

By die vyfde hekkie vang sy oog die opswaai van Truter se been hier langs hom. Dis absoluut gelyk met syne, asof hulle gesinchroniseer is. Die sesde … die sewende … agste. Toe vang sy hak die dwarsbalk van die negende hekkie en keer dit onder hom om. Hy dwing hom-self om nie toe te laat dat dit sy ritme en paslengte versteur nie. Maar dit het. Want toe hy opswaai vir die tiende hekkie, is Truter reeds van die grond af vir sy vlug.

Hy klop my met ’n handbreedte oor die tiende hekkie! skok dit deur Arnold.

Hoeveel bly daar vir hom oor waarin hy kan inhaal? ’n Skrale tien en ’n halwe meter na die lint toe!

ONTHOU DIE ELFDE HEKKIE!

Dit word ’n magtige oproep in sy brein, op elke gewrig en spier en sening. Die kort, skerp spykers van sy skoene byt in die Mondobaan en steun die veerkrag in die boë van sy voete, sy enkels, dye, romp. ’n Reserwebron van krag bars in sy liggaam oop.

NOU!

Hy werp hom vorentoe, deur die lint. Sy momentum dra hom nog twintig, dertig meter verder. En vir Conrad Truter, rakelings links agter hom.

Philip klouter oor ’n paar toeskouers voor hom en pak Jurie Lourens om die nek voor al die mense.

“Ons het hom, die goue! Het jy gesien, meneer Jurie?”

“Hoe lyk dit dan vir my jy huil, Flippie?”

“Ek sal huil as ek wil, ja. Hoekom nie?”

Toe Arnold teen die pawiljoen uitklim, sien hy hoe Erna sy plek vir hom oophou – amper soos twee jaar gelede met interskole.

Hy skuif tussen sy pa en Erna in en sit sy hand in hare. Sy vat dit styf vas, en tussen hulle handpalms lê die seemeeuveer.

“Baie geluk, my kind,” sê Org. “Net sewe honderdste van ’n sekonde buite die SA rekord. Ons is trots op jou.”

“Dankie, Pa.”

---